Die droom van 'een, heilige, algemene Christelike kerk'

Chris van Wyk

Die reënboognasie sukkel steeds met kleur. Die Reitz-video by die Kovsie-kampus is maar een voorbeeld. Die openbare reaksie van die kerk se kant af was tereg skerp afwysend. Van politieke kant af was die reaksie ook baie aggressief met eise van afdanking van die universiteitsbestuur. Die media plaas steeds berigte en onderhoude om die onderliggende rassisme in ons samelewing uit te lig.

Die Moderamen van die Algemene Sinode het 'n skerp verklaring oor die video uitgereik, wat onder andere sê: *"Of die video toneelspel of werklike gebeurtenisse uitbeeld, verander nie aan die walglikheid daarvan nie. Gesonde rasseverhoudinge in Suid-Afrika is uiters sensitief vir enige aksie wat op rassisme neerkom of so verstaan kan word … Dit is noodsaaklik dat rassistiese optrede deur wie ook al wat die menswaardigheid van mense in die Bybelse sin van die woord aantas, veroordeel en uitgeroei word … Ons hoop dat die gebeure by die UV almal in die land sal aanspoor om rassisme te bestry en saam en vreedsaam te strewe na die handhawing van 'n ruimte vir almal binne die wet en aanvaarbare norme en standaarde."*

Min mense weet egter dat in dieselfde week dat die berugte Reitz-video die publieke oog getref het, die NG gemeente Kovsie-Kampus 'n swart leraar beroep het. Sigh Melaletsa is reeds sedert 2000 besig met 'n multi-kulturele bediening wat met sy beroeping verder uitgebou kan word.

Dít is 'n verhaal van hoop, 'n rigtingwyser vir ander om na te volg. In hulle eie kontekste moet hulle soek na maniere om rassisme positief te omvorm na die droom van "een, heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges" wat in die Apostoliese Geloofsbelydenis verwoord is. Dié eenheid moet die grense van ras, kleur, etnisiteit en kultuur transendeer om 'n ware reënbooggemeenskap na die beeld van God te vorm.

Ons fokus dus in dié Kruisgewys op artikels wat kan koers gee aan die droom van 'n multi-kulturele kerk.

Piet Naudé – *Teen-rassisme vra 'n nuwe, Christelike bril* – verduidelik hoe in die *Imago Dei* teologie rassisme geen plek het nie – bladsy 3.

Jurgens Hendriks – *Wees oop vir die* Ephesian moment – skryf oor die sending-historiese perspektief van Andrew Walls. Hy wys daarop dat die kerk in wese 'n beweging is wat die grense van ras en kultuur oorsteek – bladsy 5.

Kobus Schoeman – *'Sunday morning at eleven the week's most segregated hour'* – belig dié stelling van Martin Luther King Jr oor die Amerikaanse kerk. Met perspektiewe uit die navorsing van *Kerkspieël 2006* besin hy oor die situasie in die NG Kerk – bladsy 7.

Leon Marais – *Kovsies opgewonde oor Sigh Melaletsa* – skryf oor sy onderhoud met Sigh Melaletsa, pas beroep as studenteleraar by die Studentegemeente op die kampus van die Universiteit Vrystaat – bladsy 10.

Danie Mouton – *Ghanese prediker se onwaarskynlike middestadvennoot* – skryf oor sy gesprek met Robert Bagna, 'n Ghanese pastor wat in die middestad van PE met 'n bediening begin het. Die interessante van die beginjare daarvan is dat die eerste lidmate witmense was! – bladsy 12.

Piet Delport – *Rassisme: 'n Lidmaat se perspektief* – skryf oor die rassisme wat in die meeste van ons teenwoordig is. Dit kan egter weerstaan word deur aan dit enersyds te erken en andersyds iets daaraan te doen, veral deur oor rasgrense uit te reik – bladsy 14.

● *Die skildery op die voorblad, "the individuals 20", is paneel 2 van 'n reeks van 54 deur die kunstenaar Anton Brink. Dit was deel van sy 2006-uitstalling, "dogma", wat die tema van ontmagtiging so wel as die mag van die individu in die konteks van wêreldpolitiek ondersoek. Gaan kyk gerus na 'n seleksie van sy werk by http://www.southafricanartists.com/showartist.asp?Code=BRINK001 .*

● ***Chris van Wyk - Artikelredakteur***